**Bybelse beginsels in die beoefening van geestelike dissiplines**

(‘n Opsomming uit “Spiritual Disciplines for the Christian life” deur Donald Whitney)

1 Tim 4:7 (b) is die temavers van die boek:

> *“... en oefen jou in die godsaligheid.” (’53)*
> *“Oefen jouself om godvresend te leef;” (’20)*
> *“..train yourself for godliness;” (ESV)*

Die skrywer verwys na die Bybelse maniere waarop Christene hulself dissiplineer in gehoorsaamheid aan hierdie vers, as die **Geestelike Dissiplines**. M.a.w. daardie praktyke wat in die Skrif gevind word wat geestelike groei in Christene bevorder. Dit is die gewoontes van toewyding en belewenis wat sedert Bybelse tye deur die mense wat in verhouding met God staan, beoefen word. Die dissiplines kan op verskeie maniere omskryf word:

1. <u>Die Bybel skryf beide persoonlike en interpersoonlike Geestelike Dissiplines voor</u>. Sommige Dissiplines word dus alleen beoefen en ander word korporatief beoefen. Christene behoort byvoorbeeld die Woord van God op hul eie te lees en te bestudeer (‘n persoonlike Geestelike Dissipline), maar hulle moet ook die Bybel hoor, lees en saam met die kerk bestudeer (‘n interpersoonlike Geestelike Dissipline). Elkeen van ons is miskien 'n bietjie meer geneig tot of dissiplines wat individueel beoefen word, of na dié wat korporatief beoefen word.

2. <u>Geestelike dissiplines is aktiwiteite</u>. Dit is ‘n aktiewe doen en nie karaktereienskappe, genadegawes of “vrug van die Gees” nie. Dit behels aktiwiteite soos bv lees, mediteer, bid, vas, aanbid, dien en leer. Die aktiwiteit self is nie die eindoel van die beoefening van 'n gegewe Dissipline nie maar om jouself in te oefen (of te dissiplineer) om aan die beeld van Christus gelykvormig te word. Die Bybelse manier om te groei om meer soos Jesus te wees, is d.m.v. die regte gemotiveerde doen van die Bybelse Geestelike Dissiplines.

3. <u>Geestelike dissiplines word beperk tot dit wat Bybels</u> is, dit wil sê tot praktyke wat in die Bybel geleer of gemodelleer word. Sonder hierdie beperking laat ons onsself oop om enigiets waarvoor ons lus is, 'n Geestelike Dissipline te noem, bv "Tuinmaak is vir my 'n geestelike dissipline, of "Oefening is een van my geestelike dissiplines". ‘n Stokperdjie of aangename gewoonte is nie 'n geldige Geestelike Dissipline nie.

4. <u>Geestelike Dissiplines wat in die Skrif gevind word, is genoegsaam om God te ken en te beleef en om te groei in Christusgelykvormigheid</u>. As ‘n aktiwiteit dus nodig is vir geestelike volwassenheid en vooruitgang in heiligheid, sou dit in die Skrif opgeteken en aanbeveel gewees het.

5<u>. Geestelike Dissiplines mag nooit van die evangelie geskei word nie</u>. Dit is van die evangelie afgelei. Wanneer die Dissiplines reg beoefen word, neem hulle ons dieper in die verstaan, en waardering van die grootheid van die evangelie van Jesus.

6. <u>Geestelike Dissiplines is middele, nie doelwitte nie</u>. Die doel - dit wil sê die doel van die beoefening van die Dissiplines - is godsaligheid. Die doel is nooit om ‘n Bybelleser of bidder te word nie maar om te groei in godsaligheid (godliness). Die skrywer definieer godsaligheid as beide nabyheid aan Christus en gelykvormigheid aan Christus, 'n gelykvormigheid wat beide innerlik en uiterlik is, 'n groeiende ooreenstemming met beide die hart van Christus en die lewe van Christus.